

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

1235 VOL. 380 PG. 22000 - 22 057

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-14

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BAEKHA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRÜGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 380

(Bladsye 22 000 - 22 057)

HOF HERVAT OP 14 APRIL 1988.

JANUARY BOETIETJIE QANGISO BADI, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Badi, ons  
is besig met u verklaring en op die punt om dit aan u te  
lees. Is dit korrek u het gesê u is January Badi, u is 'n  
swartman van 55 jaar, 'n taxi-eienaar en u is woonagtig te  
Afrikalaan 158, Zweletemba swartwoonbuurt Worcester? -- Ja,  
dit is so.

En u het toe die volgende verklaar.

HOF : Het u ook u telefoonnummer gegee? -- Wat is die (10)  
nommer daar?

MNR. FICK : 0231 - 5003. -- Dit is die eerste fout wat hy  
gemaak het. My telefoon is 72003.

U telefoonnummer het nie sedertdien verander na hierdie  
nommer wat u nou gee nie? -- Die ou een was 5389.

U ken nie hierdie 5003 nie? -- Myne is 72003.

U ken nie hierdie nommer 5003 nie? -- Ek ken nie die  
nommer nie.

Dan het u verklaar "Ek is 'n volwasse swartman woonagtig  
en werksaam soos bovermeld." -- Ja, dit is so. (20)

Tweede paragraaf "Gedurende Februarie 1984 is ek tydens  
'n gemeenskapsraadverkiesing tot lid van die gemeenskapsraad  
van Zweletemba swartwoonbuurt te Worcester verkies"? -- Ek  
verstaan nie. Wat bedoel u daar met die verkiesing? Dat  
ek genomineer was deur die mense of dat daar gestem was vir  
my om op die raad te kom?

HOF : Aanvaar dit op albei maniere. Is dit so dat in  
Februarie 1984 u op die gemeenskapsraad gekom het? -- Ja.

MNR. FICK : Die derde paragraaf "Op Saterdag, 15 September  
1984 het ek met my taxi in die omgewing van Rawsonville in (30)

die/...

die distrik van Worcester gewerk." Is dit reg? -- Ja, dit is so.

"Om ongeveer 09h30 het 'n swartseun aan my bekend as Moki by my taxi-staanplek te Rawsonville distrik Worcester aangekom." -- Daar is 'n fout daar. Die naam van Moki en die tyd kom nie van my af nie. Ek het nie na die tyd gekyk terwyl ek gewerk het daar nie. So, dit was sy eie dinge wat hy self daar ingesit het. In die eerste plek is daar nie 'n bus wat in Rawsonville aankom om 09h00 nie. Die eerste bus wat daar aankom is om 06h00 en die tweede een is 10h00. Die laaste (10) een wat dan daar aankom is dan 12h00 middag.

Ken u 'n swartseun met die naam van Moki? -- Ek het alreeds gesê dit is sy eie naam wat hy daar gegee het. In Xhosa is daar geen seun wat hierdie naam van Moki genoem kan word nie. In plaas van Moki kan dit liewers Munki.

HOF : Hoe spel 'n mens dit? -- Ek sal die tolk vra om dit vir my te spel, want ek het nie my pen hier nie. Ek kan nie sonder 'n pen spel nie.

Hier is 'n pen. -- M-u-k-i. Dit is min of meer hoe dit gespel word. (20)

Wat u hier het is M-u-k-i. Dit is al. Dit word uitgespreek as Munki. Dit is die verkorting daarvan. Ek is nie seker van die spel van die naam nie, maar dit word uitgespreek as Munki. Miskien wou die skrywer hiervan Munki geskryf het, maar dit is verkeerd, nie Moki nie.

MNR. FICK : Laat ons dan so hoor, ken u 'n swartseun met die naam van Munki? -- Nie in my familie nie. Ek het gister hier vir die hof die naam gegee van my broer se kind wat daar by my gekom het.

HOF : Wat is die naam? -- Het ek die Xhosanaam gegee of die (30) ander/...

ander naam?

Ek weet nie. Gee maar net sy naam? -- Het ek nie van Nkululeko gepraat nie? Hy het baie kinders. Hy het omtrent vier kinders.

Gee maar net die naam. -- Dit is een van sy kinders wat by my aangedoen het daar. Ek weet nie watter naam ek gegee het nie.

Ek gee nie om wat u gister gesê het nie. Wat sê u wie het by u aangekom? -- Dit het my nou ontgaan wat die naam is. Ek sal maar liewers vra dat ons aangaan met die naam van (10) Munki.

Nee, ons kan nie aangaan met 'n verkeerde naam nie. Kan u nie onthou watter kind by u aangekom het nie? -- Ja, dit is mos lank terug. Nog 'n ding wat dit vir my 'n bietjie moeilik maak om te kan onthou, dit is omdat ek nie geweet het dat ek later sal moet sê wie by my gekom het nie en dit is lank terug wat dit gebeur het. Al wat ek kan sê is, dit was 'n seun gewees wat by my gekom het. Dit is my broer se seun.  
MNR. FICK : Kan dit Munki wees? -- Dit kan hy wees, ja, want hy het 'n kind met die naam van Munki. (20)

Toe u netnou gesê het u het nie familielede met die naam van Munki nie, toe was dit nie reg nie? -- Dit was as gevolg van die manier waarop u dit gelees het dat ek dit gesê het. Daar is 'n verskil as ek die naam noem en u noem dit.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net duidelikheid kry. U spel Munki M-u-k-i. Is dit reg? -- Ek sal die tolk vra om dit vir my te spel.

Nee, ek sê maar net ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is op rekord. Dit is wat u geskryf het? -- Ja, dit is hoe ek dit gespel het. (30)

ASSESSOR/...

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Sou 'n mens dan 'n woord Monki M-o-k-i spel? -- Nee, ek weet nie. Ek het net naastenby probeer om te spel.

MNR. FICK : Is u gevra toe u die naam Munki gegee het vir die polisie om hom te spel of het u hom nie gespel nie en is hy net geskryf deur die polisieman? -- Nee, ek was nie gevra nie.

Hoe laat in dieoggende kom u daar by Rawsonville aan met u bedrywighede as 'n taxibestuurder? -- Wie? Ek? Ek kom om 07h00 daar. (10)

En u bly daar tot ongeveer wanneer? -- Om en by 16h30.

Die middag? -- Ja, die middag.

En heeltyd vandat u daar aangekom het tot u daar weggegaan het ry u tussen die taxi-staanplek by Rawsonville en die bestemmings van die passasiers? -- Ek gaan na die plase toe waarvandaan ek mense vervoer na die huurmotorstaanplek in Rawsonville. Dit is waarvandaan die mense die busse haal om Worcester toe te gaan.

Die volgende sin in hierdie paragraaf "Swartman Moki het aan my 'n pamphlet swart getik op 'n wit agtergrond oorhandig (20) en my meegegee dat hy die pamphlet by 'n bushalte in Zweletemba opgetel het." Is dit korrek wat u gesê het? -- Hy het met 'n pamphlet na my toe gekom. Ek weet nie of ek nou moet sê hoe dit geskryf was nie, maar ek het gesê die pamphlet is na my toe gebring. Daarop was geskryf presies soos ek nou hier voor my sien en hy het nie gesê waarvandaan hy dit gekry het nie. Hy het net vir my die pamphlet gegee na hy dit gekry het. Hy het besluit om dit vir my te kom gee as 'n oom.

Maar die mees natuurlikste ding wat 'n mens in sulke omstandighede sal doen as jy sien hier is 'n pamphlet waar (30)

jy/...

hy genoem word en waar dit gesê word dat jy geboikot moet word, sal jy vir die een wat dit aanbring, veral as dit 'n familielid is, vra "Waar kom jy aan hierdie ding?" -- Ja, u kon dit miskien gedoen het, maar u en ek is nie dieselfde in ons manier van dink nie. So, ons kan nie op dieselfde voet geplaas word nie.

Is daar enige rede waarom u hom nie wou gevra het nie of nie gevra het waar kom hy aan die ding nie? -- Met sy aankoms daar ongelukkig was ek besig gewees. Dit was in my besige tyd. Hy kom daar met die pamphlet. Ek het dit net(10) ontvang, so daarna gekyk en dit in my sak gesteek en voortgegaan met my werk. Die persoon het toe ook weer teruggegaan.

So, die polisieman moes hierdie stukkie uit sy duim gesuig het volgens jou dat die seun sou vir u gesê het hy het dit by 'n bushalte opgetel? -- Sonder om te huiwer sê ek ja, want hy het sy eie dinge hier geskryf wat hom gepas het. Dus kon hy enige tyd gelieg het.

Is dit reg, die polisiebeampte het toe hy die verklaring van u afgeneem het BEWYSSTUK ABA daar voor u by hom gehad en hy het dit aan u getoon? (20)

HOF : ABA1?

MNR. FICK : Korrek.

HOF : Onthou u nog ABA1? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : U het toe gesê die pamphlet was identies met die pamphlet wat nou aan my getoon word. Is dit reg? -- Ja, ek het so gesê.

U het verder ook gesê na u na die pamphlet gekyk het "Dit het die embleme van die Western Cape Civic Association en die UDF, United Democratic Front bevat en die inhoud het gelui dat ek en inhoud swartman M. Tsobo wat ook 'n (30) gemeenskapsraadslid/...

gemeenskapsraadslid te Worcester is 'sell-outs' en 'puppets' van die boere is en dat ons taxi's geboikot moet word"? -- Laat ek eers hier verstaan. Sê u dat ek gesê het die pamflet van my was so geskryf of was dit wat hy, die polisiebeampte, vir my gelees het?

Die verklaring is dat u het gesê u het gesien op die pamflet is die embleme van die Western Cape Civic Association en die UDF, die pamflet daar voor u? -- Ek wil nie vir die hof hier onder die indruk bring dat ek sê dat die persoon verkeerd geskryf het nie. Dalk het hy my so verstaan. (10) in daardie gebroke Afrikaans wat ek gesig het toe ek met hom daar gepraat het, maar ek sal dit nou in Xhosa herhaal vir die hof en sê wat ek gesê het sodat die hof kan hoor wat hy van my gehoor het.

HOF : Ja? -- Wat gebeur het is dat die polisiebeampte het die pamflet aan my getoon en vir my gevra of daardie pamflet wat aan my gegee was die soortgelyke embleme gehad het soos hierdie een voor my, waarop ek toe gesê het ja, dit is soortgelyk aan daardie een wat die kind na my gebring het.

MNR. FICK : Het die polisieman toe ook vir u gevra toe (20) die pamflet by u uitgekom het, het hy ook gesê soos hierdie pamflet dat u en swartman Tsobo wat ook 'n gemeenskapsraadslid is te Worcester is "sell-outs" en "puppets" van die boere en julle taxi's moet geboikot word? -- Dit is wat die leser aan my gesê het, naamlik die polisiebeampte wat die pamflet voor hom gehad het. Hy het dit vir my so gelees. Dit is nie ek wat vir hom gesê het dit is wat daardie pamflet bevat het nie. Toe hy dit vir my gelees het, het ek bevestigend geantwoord aan hom en gesê die pamflet wat ek ontvang het was ook net so geskryf, want hierdie pamflet waarvandaan (30)

hy/...

hy gelees het was daar voor ons gewees.

Waar was die pamphlet wat u gekry het by die seun Munki? Het u hom vir die polisie gegee? -- Ek het dit nie aan die polisie gegee nie. Ek het dit sommer weggegooi omdat ek geen rede daarvoor gesien het om dit vir die polisie te gee nie. Ek het nie by die polisie gaan kla nie. Indien ek miskien besluit het om 'n klagte te maak by die polisie, dan sou ek die pamphlet aan die polisie gegee het.

"Om ongeveer 16h00 (dit is vieruur die middag) op 15 September 1984 het ek met my taxi na Zweletemba woonbuurt (10) teruggekeer." Is dit reg? Het u so gesê? -- Ja, dit was om en by 16h30 wat ek teruggekeer het.

"Op die hoek van Mayinjane- en Tseoualaan in die woonbuurt het ongeveer dertig swartmense saamgedrom." Het u dit gesê? -- Nee, waar sou ek kans gehad het om die mense te tel? Ek kon dit nie gesê het nie. Dit is sy eie gedeelte daardie. Hy wou miskien meer geskryf het.

Het u enige groep gekry wat saamgedrom het op hierdie straathoek toe u teruggekom het? -- Daardie hoek, selfs nou, daar is altyd mense by daardie hoek. Dit is die hoek by die (20) stadion. Daardie plek is 'n sokkerveld se plek. Daar is altyd mense wat in en uit die stadion loop.

So, u antwoord is, u het hulle ook daar gekry, 'n groep toe u daar verbygekom het 16h00 die middag van 15 September? -- Ek sê ek het nie spesiale aandag gegee aan die mense wat daar was nie. Ek het net gery op die normale wyse wat ek altyd daar verby ry. Dalk het hy self die mense daar gesien terwyl hy met die bakkie daar verby gery het, maar nie ek nie. Die hoek wat hier van gepraat word is 'n hoek waar polisie altyd patroleer en eintlik selfs nou, dit is waar (30)

die/...

die polisiestasie geleë is in die omgewing van daardie hoek. Dit beteken dus dat hy enige ding daar kan sien, enige gebeure en dan gebruik in sy skryfwerk.

"Toe ek by die groep verby ry het hulle aan my geskreeu dat my taxi uitgebrand sal word." -- Dit is nog sy eie fabriëring daardie, want as ons daar 'n tolk gehad het, was dit nou die tyd gewees waar hy my nie verstaan het nie, dat hy daar 'n tolk gebruik het dat ons mekaar kon verstaan, sodat hy nou die korrekte verhaal kon geskryf het.

"Ek het daarna tot by my woning gery waar ek 'n lid van(10) die SA Polisie aangetref het wat my woning bewaak het." Het u dit gesê? -- Dit is die waarheid. Ek het 'n polisiebeampte by my huis aangetref.

Maar die hele waarheid is, u het dit gesê ook vir die polisieman aan wie u die verklaring gemaak het? -- Ja, ek het aan hom gesê dat met my aankoms by die huis, binne-in die huis was daar 'n polisiebeampte.

"Op 19/9/84 het ek as 'n gemeenskapsraadslid bedank omdat ek gevrees was dat my lewe en eiendom in gevaar verkeer het as gevolg van die optrede van die inwoners en 'n dreigende(20) houding teenoor my ingeneem is"? -- Daar is geen waarheid in daardie stuk wat u nou net gelees het nie, want in die eerste plek is die datum verkeerd. Ek het nie op die 19de bedank nie en tweedens as ek miskien gevrees het en geweet waarvoor ek gevrees het, dan sou ek na die polisie toe gegaan het en daar 'n klagte gaan maak het. En nog, indien ek gevrees het vir enigiets sou die polisie nie my huis verlaat het nie. So, hierdie stuk is sy eie stuk waar hy sy eie verhaal vertel en dit is leuens. Miskien het hy dit gedoen om hom te pas sodat wat hy sê gewig kan hê. (30)

"Ek/...

"Ek is ook afhanklik van my taxi-onderneming om 'n bestaan te maak." Is dit reg? -- Net soos dit bekend is aan elkeen daar dat ek 'n huurmotorbesigheidsman is en die verkoop van groente. Die groente verkoop ek net een maal in 'n week.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ja, maar dit is nou nie duidelik wat die antwoord is op die vraag nie. Die vraag is net, het u dit gesê? -- Nee, daar was geen rede vir my om dit aan hom te sê dat ek my lewe uit die huurmotorbesigheid maak nie, want hy het self geweet dat ek 'n huurmotoreienaar is. (10)

HOF : Maar het hy dit vir u teruggelees? -- Hy het 'n verklaaring in Afrikaans aan my voorgelees. Dit was vir my moeilik gewees om te volg presies wat daar gesê word sodat ek dit onder sy aandag kon gebring het. Die rede is dat ek nie Afrikaans so goed verstaan nie. Dit is huis die punt hoekom ek gister alreeds vir die hof gesê het dat hierdie verklaaring verstaan ek nie, want as dit in Xhosa gelees was soos dit nou aan my vertolk word, sou ek dit daar onmiddellik gekorrigeer het.

Wel, u sou seker nie die sin gekorrigeer het "Ek is (20) ook afhanklik van my taxi-onderneming om 'n bestaan te maak" nie? -- Ek korrigieer dit dan nou. Ek sê daar was geen rede vir my om dit aan hom te sê nie, want hy het geweet ek is 'n taxi-eienaar en dit was dus nie vir my nodig om dit nog vir hom te sê nie.

Laat ons nou net terugkom na die punt wat ek wil maak met u en dit is, is daar aan u voorgelees sodat u verstaan het dat dit gesê word "Ek is ook afhanklik van my taxi-onderneming om 'n bestaan te maak"? -- Ek het hier vir die hof gesê dat ek dit nie gesê het nie. (30)

Nee/...

Nee, maar u verstaan nie die vraag nie. Is daar aan u in Afrikaans voorgelees wat ek nou vir u gesê het? -- Dit kan wees dat ek hom nie verstaan het nie, want indien ek dit verstaan het sou ek onmiddellik vir hom gesê het nee, dit is nie wat ek gesê het nie, want daar was geen rede vir my om dit te genoem het nie.

Met ander woorde, as dit voorgelees was hierdie sin dan sou u hom onmiddellik daarop gewys het dat dit verkeerd is? -- Ja.

Ek het van u verstaan dat die hele verklaring aan u (10) voorgelees is? -- Soos ek alreeds gesê het ja, die verklaring is gelees, maar dit was vir my moeilik gewees om enigets te stop en te sê dit is verkeerd omdat ek nie die taal gevolg het nie.

Moet ek u dan so verstaan dat u nie 'n woord verstaan het van wat die man lees nie? -- Ek het gehoor dat die persoon in Afrikaans lees. Van die woorde het ek gehoor dat hy daardie woord vir my lees, maar ek het nie geweet wat dit eintlik beteken nie. Wat die presiese betekenis is van die woord in daardie sin het ek nie geweet nie. (20)

Ek vra nie of u gehoor het wat hy lees nie. Ek vra of u verstaan het wat hy lees en is u antwoord dan u het nie 'n woord verstaan van wat hy lees nie? -- Ek het nie gevolg nie, nie so goed gevolg nie.

MNR. FICK : Is dit dan nie verskriklik eienaardig dat die polisieman het toevallig - baie van die goed wat hy neergeskryf het soos nou aan u teruggetolk is, is toevallig reg? -- Ek verstaan nou nie wat u daarby bedoel nie.

Ek sal dit los vir argument later. Ek wil net met u aangaan na paragraaf 7 "Ek was nie direk deur enige (30) persoon/...

persoon intimideer wat ek van bewus is 'n lid van enige organisasie is wat by die United Democratic Front geaffilieer is nie." -- Herhaal dit vir my?

HOF : Dit staan in die verklaring. Die vraag is, het u dit aan die polisieman gesê? -- Wat is die inhoud van daardie stuk wat nou net aan my gelees is?

Lees net weer die sin?

MNR. FICK : "Ek was nie direk deur enige persoon intimideer wat ek van bewus is 'n lid van enige organisasie is wat by die United Democratic Front geaffilieer is nie." -- Ek sal die(10) hof se toestemming moet vra om dit te verduidelik hoe ek dit aan die persoon oorgedra het.

HOF : Ja? -- Dit is duidelik volgens wat hier geskryf is dat hy my nie gevolg het nie. Wat ek aan hom gesê het is ek was deur niemand geïntimideer nie. Ek het geen melding gemaak van enige organisasie of 'n lid van enige organisasie wat geaffilieer is by 'n ander een nie. Ek het net in die algemeen gesê dat ek deur niemand geïntimideer was nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u presies verstaan wat dit beteken of het u dit nie verstaan nie? U het Afrikaans (20) met hom gepraat en u het vir hom gesê niemand het u geïntimideer nie. Het u verstaan wat u sê? -- Wat ek sê is, in my gedagte, my antwoord aan hom was bedoel dat ek deur niemand geïntimideer was nie, maar in my taal nou kan ek dit maklik oordra. Dit kan wees dat ek dit in Afrikaans genoem het, maar dit het nie presies die boodskap wat ek in gedagte gehad het oorgedra nie. Dus het hy my mis verstaan. Soos ek alreeds gesê het, ek en hy het mekaar nie goed verstaan nie.

Maar hy het korrek geskryf dat u gesê het dat u nie (30)

direk/...

direk deur enige persoon geïntimideer is nie? -- Ek het dit aan hom oorgedra in daardie gebroke Afrikaans van my.

MNR. FICK : Is dit nie ook so dat toe u dit gesê het, het die polisieman vir u gevra in die lig van hierdie pamflet wat nou daar gekry is ABA1 - hy het met u gepraat in verband met die intimidasie van persone waarvan u gepraat het en hy het vir u gevra ook nie deur lede van organisasies van UDF of sy geaffilieerde nie en dit is in dié lig wat u toe die verklaring gemaak het? -- Hy het so iets gevra, ja.

HOF : Toe sê u nee? -- Ja, toe sê ek nee. (10)

MNR. FICK : "Die verspreiding van die WCCA en UDF pamphlette (dit is nou ABA1 daar voor u) waarvan ek reeds melding gemaak het, het gepaard gegaan met die onrus in die woonbuurt en 'n dreigende houding wat teen gemeenskapsraadslede ingeneem is". Het u dit gesê? -- Hy lieg. Ek het nie so gesê nie. Met ander woorde, ek sal sê dat hy besig was om sy eie ding reg te maak wat hy probeer het.

"Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflegging van die eed nie en beskou die eed as bindend vir my gewete." Is (20) dit reg? -- Nee, ek weet niks daarvan nie. Ek was nie in 'n hof gewees waar ek die eed geneem het nie of waar dit vir my nodig was om 'n eed te neem nie.

Maar die polisieman het hier vir u die eed opgelê? -- Hy sou my nie 'n eed laat neem nie, want aan die begin van die hele ding het hy my op 'n plan daar gekry toe ek ingekom het. Hy het planne gebruik.

Ek verstaan nou nie. Waarom wil die polisieman planne maak om u daar te kry? -- Dit is wat ek ook nie weet nie, maar wat ek vir die hof kan sê is, die eerste ding wat hy gedoen (30)

het/...

het toe ek by die deur ingekom het, was om op te staan en my gegroet. Daarna sê hy toe die volgende dat ek nie bang moet word nie. Hy het homself aan my voorgestel wie hy is. Verder sê hy vir my "Kyk, ek maak nie 'n verklaring nie. Ek wil hê jy moet net 'n verduideliking gee." Dit is seker die rede hoekom hy my nie die eed laat neem het nie, want hy het gepraat van 'n verduideliking wat hy wou gehad het. Dit kan wees dat hy dit besef het dat indien hy enige melding gaan maak dat ek 'n verklaring aan hom moet maak, sal ek die houding inneem dat ek geen verklaring aan hom wil maak nie(10) en wegloop van hom af.

Was dit die eerste dag wat u hierdie polisieman ontmoet het? U sê hy het hom voorgestel aan u? -- Dit was die eerste keer wat ek hom voor my gesien het waar hy met my iets te doen gehad het, want gewoonlik het ek niks met die polisie te doen nie.

Gister, as my geheue my reg bedien, het u iets te vertelle gehad oor hierdie selfde polisieman dat hy hou nie van u nie. Waar kom u daaraan as dit die eerste keer is wat u hom ontmoet het? -- U het my seker nie mooi verstaan nie.(20) Dit is miskien dat u nie die tolk verstaan het nie, want ek het Xhosa gepraat, maar as u nie verstaan het nie, vra asseblief vir my om dit weer te herhaal wat ek gister gesê het. Ek het nie gesê hierdie spesifieke polisieman nie. Ek het gepraat van 'n polisie. Hoe sou hy dit dan reggekry het om die planne van hom te maak om my te kry as hy my nie geken het nie? Hoe sou ek hier vir die hof kom sê het dat die persoon nie van my hou nie, terwyl ek hom nie eers geken het nie?

U sê vir die hof in die een asem u het gewoonlik nie (30)

met/...

met die polisie te doen nie en in die ander asem sê u vir die hof die polisie hou nie van u nie. Hoe werk dit? -- Dit is u eie weergawe. Dit kan wees dat u my nie verstaan het nie, want dit is vir my nou duidelik hier dat ek en u net soos 'n muis en 'n kat is. Iemand is besig om weg te kruip en die een wil die ander een gryp.

Ek sal voorstel u moet ophou wegkruip. Wat beteken - verstaan u as ek vir u sê "Hulle het aan my geskreeu dat my taxi uitgebrand sal word" sonder dat dit aan u getolk word? Verstaan u wat beteken daardie sinsnede? -- Wat is dit? (10)

Weet u nie wat beteken die woord "uitbrand" nie? -- Om iets uit te brand, beteken dit om iets te brand?

Ja en "taxi"? -- Ek weet dit is 'n taxi.

En "skreeu"? -- Kyk, moet nou nie stokkies draai met my nie. Vra vir my 'n direkte ding dat ek u kan antwoord. Ek sal nie dinge kan antwoord wat ek nie verstaan nie.

Direk vra ek vir u weet u wat beteken die Afrikaanse woord "skreeu"? -- Nee, ek weet nie. Ek gaan nie sukkel daarmee nie.

HOF : In Worcester omgewing is daar baie, baie meer (20) kleurlinge as wat daar swartmense is. Is dit korrek? -- Ja, hulle is baie. Die swartmense is ook baie.

Ja, maar ons het nou gesien in Worcester hoeveel swartwoonbuurte daar is, daar is net een en hoeveel kleurlingwoonbuurte daar is, daar is 'n hele handvol. -- Ja, hulle is baie

Ry hulle in jou taxi? -- Dit is nie lank wat hulle begin het om in my huurmotor te ry nie, want daar by ons het ons huurmotors gehad vir die kleurlinge en huurmotors vir die swartes.

Hoe lank ry hulle al? -- Ons het verskillende (30) huurmotorpermitte/...

huurmotorpermitte gehad. Ek dink dit is nou omtrent 'n jaar of ons is in die tweede jaar dat ons dieselfde tipe huurmotorpermitte het dat ons die kleurlinge ook kan oplaai.

Het u net groente verkoop aan swartes of ook aan kleurlinge? -- Ek het aan kleurlinge ook verkoop.

En toe u 'n winkel gehad het as 'n besigheidsman, het u net aan swartes verkoop of ook aan kleurlinge? -- Ons lokasie is baie ver van die dorp af, omtrent vier myl ver vanaf die kleurlinge en die dorp self. Ons is eintlik op die pad na Robertson toe. So, die kleurlinge se woonbuurt (10) is naby aan die dorp by die witmense.

Die kleurlinge se omgangstaal is Afrikaans daar, hè? -- Hulle praat hulle eie taal in die plek waar hulle woon.

Wat is hulle eie taal? -- Hulle praat Afrikaans.

Ja en as hulle met jou praat dan praat hulle Afrikaans? -- Ja, maar as ek gaan verkoop is ek altyd saam met my kinders. Hulle is geleerd. Hulle kan selfs Afrikaans skryf.

MNR. FICK : Worcester is oorwegend Afrikaanssprekend, die hele gebied van Worcester? -- Nie almal van ons nie. Spesiaal ons die swartmense. (20)

Antwoord net die vraag. Oorwegend is hy Afrikaans. Die meeste mense praat Afrikaans in Worcester en distrik? -- Ons praat Xhosa. Daar is baie kleurlinge wat Afrikaans praat, ja, maar die swartmense daar, ons praat Xhosa. Ons het nie 'n rede om Afrikaans te praat nie, want ons is swart. Ons stel eintlik nie daarin belang om Afrikaans te praat nie, want ons woon alleen.

U getuienis dat u nou kamma so min weet van Afrikaans stel ek aan u is vals? -- Ek sal nie u gedagte verander as u dit sê nie, want kyk, u sê dit omdat u dit so wil hê. (30)

U het 'n dogter met die naam, ek weet nie of ek hom reg geskryf gekry het en of ek hom reg uitspreek nie Sindelwy? -- My dogter is Lindelwa.

U het 'n klagte gelê by die polisie dat sy sou ontvoer gewees het. Is dit reg? -- Nie ek nie. Praat u daarvan dat ek die klagte gemaak het of dat sy self die klagte gemaak het, want sy is oud genoeg. Sy het self 'n klagte gaan maak van die ontvoering. Ek was net 'n getuie.

En toe het u 'n verklaring gemaak? -- Is dit reg? -- Ja, as 'n getuie. (10)

Dit is reg aan sersant Jones van die speurders? -- Ek weet nie wie hy is nie, maar dit was 'n blanke polisiebeampte wat nie 'n uniform aangehad het nie.

Het u hierdie verklaring in Afrikaans gemaak? -- Ja, met daardie selfde tipe Afrikaans van my.

Sonder 'n tolk? -- By die aanklagkantoor - is die aanklagkantoor dan 'n hof?

Antwoord die vraag. U het die verklaring in Afrikaans gemaak sonder 'n tolk? -- Ek het die verklaring gemaak op die-selfde manier wat ek dit gemaak het. (20)

HOF : Dit help ons nou nog niks nie. Het u die verklaring met of sonder 'n tolk gemaak? -- Ek het nie 'n tolk gehad nie.

MNR. FICK : U het ook nie gevra vir 'n tolk nie. Is dit reg? Ja of nee? -- Nee.

Ek stel dit aan u u getuienis in hierdie hof dat u bittermin van Afrikaans verstaan is 'n infame leuen? -- Dit is wat u sê.

U wil nie daarop antwoord nie, hè? -- Ek het nie 'n belang om te antwoord by 'n plek waar dit nie vir my nodig is om te antwoord nie. (30)

Waarom/...

Waarom was dit vir die polisie nodig om die huis te bewaak op 15 September 1984 as daar geen dreigemente was nie? -- Ek sal nie weet nie, want ek het geen polisieman geroep om daar te wees nie. Ek het self gevra toe ek daar gekom het wat soek die polisieman daar. Die antwoord van die polisieman was "Ek is gestuur om hierdie huis te kom oppas dat die huis nie gebrand word nie." My volgende vraag was "Hierdie is my huis. Die huis regoor my huis, dit wil sê oorkant die straat, is 'n raadslid s'n. Hoekom is daar nie 'n polisieman by daardie huis nie?" Die antwoord deur hierdie polisieman was "Hy (10) het gesê hy soek nie polisie by hom nie."

U Edele; ek wil verlof vra om die verklaring van hierdie getuie in te handig. Die oorspronklike is BEWYSSTUK CA34.

HOF : Dit gaan in as BEWYSSTUK CA34.

MNR. FICK : Is dit nie so dat daar van 1984, die tweede helfte van 1984, hier van Septembermaand se kant af was daar aanvalle op raadslede se huis in Zweletemba nie? -- Ek sal nie weet nie. My huis was nie aangeval nie en ek het dit ook nie gesien nie.

En dit is ook nie deur die ander raadslede aan u (20) gerapporteer maar hulle huise is aangeval nie? -- U praat van September, nie waar nie?

Van September 1984 af? -- Septembermaand is mos daardie maand wat ons bedank het, nie waar nie?

Dit is reg. Die oudsraadslede, kom ons noem dit so, se huise is aangeval? -- Toe ons bedank het was geen huis aangeval nie en ook geen huis was beskadig nie.

HOF : En daarna? -- Ek sal nie weet wat later gebeur het, dit wil sê in 1985 nie. Ek praat van die tyd wat ons nog as raadslede daar opgetree het. (30)

HOF/...

HOF VERDAAG.HOF HERVAT.

JANUARY BOETIETJIE QANGISO BADI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : MnR. Badi, weet u niks van die feit dat daar 'n groep mense in die woongebied rondgeloop het met 'n kis op die skouer van die raadslede se huis en dat die raadslid voor wie se huis hulle is, sal in daardie kis begrawe word nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Het ander raadslede in hierdie klein plekkie waar u woon nie aan u gerapporteer maar dit is wat gebeur daar met (10) hulle nie? -- In watter jaar was dit gewees toe dit gebeur het volgens u?

Vanaf September 1984? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie. Tweedens, na die beëindiging van die gemeenskapsraad het ek nie meer met die mense ontmoet nie. So, daar was nie tyd gewees om dit met my te kon bespreek nie.

Net vir die hof se gerief, dit is 'n erkenning van die verdediging BEWYSSTUK AAS3 op bladsy 9. Gedurende die nag van 18 en 19 Januarie 1985 het u nie gesien dat die volgendeoggend is daar orals in Zweletemba plakkate opgeplak wat (20) vir die mense sê hulle moet nie stem indien daar weer nuwe raadslede gekies word nie? -- Ek weet nie daarvan nie. Van die raad waarin ek gedien het beëindig was, het ek niks meer gesien dat daar iets was wat geskryf is oor die raadslede nie.

Is dit nie ook so dat daar weer nominasies gevra was vir nuwe raadslede, maar niemand was bereid om genomineer te word nie? -- Nee, ek weet nie. Ek sal nie van dinge weet wat daar by die kantoor plaasvind nie, want ek werk nie daar nie. (30)

Die busse wat daar gebruik word in Zweletemba behoort aan City Tramways, 'n privaat maatskappy. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Hierdie busse is wit en blou en andere is oranje en blou? -- Ek weet nie watter een is die presiese kleur van die busse nie, maar die busse het baie kleure wat op hulle geverf is.

Is daar geen busse wat daar loop wat wit en blou is nie? -- Die busse werk soos volg daar. Byvoorbeeld 'n bus wat om 05h30 weggetrek het, is nie dieselfde bus wat terugkom om (10) 06h00 nie. Die busse gebruik verskillende roetes en 'n bus wat byvoorbeeld vandag gebruik is by daardie plek sal nie die volgende dag daar wees nie. So, daar is so baie busse daar.

HOF : Nee, wag, ek begryp u nou nie so mooi nie. Miskien is dit anders daar onder in die Kaap as hier in Pretoria. Hier in Pretoria is daar verskillende busse, maar hulle het een kleur van een groep en dan weer 'n kleur van 'n ander groep en dan weer 'n kleur van 'n ander groep en as jy die bus sien, dan weet jy wel, dit is die bus wat sê nou maar (20) na Mamelodi toe gaan, daardie soort bus gaan daarnatoe en jy weet die ander bus gaan byvoorbeeld hier na die noorde toe as jy daardie kleur sien. Het julle nie daardie soort van busse nie? -- Nee, dit werk nie so daar nie. Daar is wel busse wat aan die een maatskappy behoort met verskillende kleure. Dit word nie bepaal volgens die kleur van die bus waarheen daardie bus gaan nie. Hulle word gebruik na enige plek toe op enige tydstip.

MNR. FICK : City Tramways se busse, het hulle almal dieselfde kleur? -- U weet, dit is 'n bietjie moeilik. U verstaan (30)

nie/...

nie waarvan ek praat nie. Laat ek vir u hierdie voorbeeld gee. Die busse adverteer vir sekere maatskappye. Byvoorbeeld daar is busse met die kleur van koffie wat koffie adverteer - 'n tipe koffie en dan is daar busse wat iets anders adverteer en dan sal jy vind dat die bus die kleur het van daardie ding wat hy adverteer op die bus. Dan kry jy die nuwe busse wat blouerig is van kleur met 'n donker streep heel onder. Dit is nou nuwe busse wat kom wat nog nie adverteer nie. Al die busse wat ek beskryf het behoort aan Tramways.

(10)

Hierdie waarvan u praat wat blou is met die donker streep onder, wat se donker streep is onder aan die blou? -- Die donker waarvan ek praat is nie swart nie, maar ek beskryf die kleur van blou. Dit is donkerblou en dan kry jy 'n ander een wat ligblou is. Dié waarvan u nou net gespraak het wat wit is van kleur, ek sal dit nie betwiss nie, want daar is baie kleure wat daardie maatskappy gebruik.

Die vergadering wat u getuig het oor van 16 September 1984, wil ek aan u stel het 'n bietjie anders verloop as wat u sê dit verloop het. Behalwe die mense wat u sê wat daar(20) gespraak het wat raadslede is, wil ek aan u stel daar het ander mense van die inwoners ook gespraak? -- Ek sal dit nie betwiss nie, want ek het vir my part gespraak, want wie ook al daar gespraak het, het vir sy part gespraak.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie Mathews Kapa en Shepard Matshoba het ook daar gespraak op die vergadering? -- Nie sover ek weet nie.

Ek stel dit aan u hulle het vir die mense daar in die gehoor gesê die raadslede moet bedank want hulle is "useless", hulle beteken niks? -- Waar? In 'n vergadering of sommer (30)

daar/...

daar waar hulle geloop het?

In die vergadering? -- Ek wat daar was het nie so iets gehoor nie.

Wat beteken die antwoord nou? Het hy dit nie gesê nie of het u dit nie gehoor nie? -- Ek sê hulle was daar gewees. Hulle het dit nie gesê in die tyd wat ek daar was nie.

Het u voor die einde van die vergadering geloop? -- Nee, toe ek weggegaan het daar was terwyl die mense weggegaan het, maar daar het nog mense agter my aangekom wat nog besig was om uit te gaan. (10)

Ken u 'n persoon met die naam van Amos Dabadini? -- Ja, ek ken die man. Hy word daar groot terwyl ek daar bly.

Ek stel dit aan u, hy het ook op hierdie vergadering gepraat? -- Ek weet nie. Ek het vroeër hier vir die hof gesê dat met my aankoms by die saal was die saal al vol mense gewees. Op die verhoog was dit Billy-Boy gewees. Ek weet nie of dit gesê was in my afwesigheid, of die persone gepraat het terwyl ek besig was om weg te stap nie, toe het hulle gepraat met die ander mense wat nog agterna gekom het nie. Dit kan ek nie sê nie. (20)

Ek wil volledigheidshalwe net aan u stel dat hierdie Amos Dabadini het op hierdie vergadering gesê dit is beter dat die raadslede bedank voordat die swartmense mekaar begin doodmaak? -- Ek weet nie daarvan nie, maar wat ek vir u kan sê is, dit was al die tweede keer wat die raadslede daar bedank het, dat hierdie gemeenskapsraad se raad gestop het om te werk. So, daar was geen nodigheid vir mense om mekaar dood te maak nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP : No questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Aan watter kerk behoort u? -- (30)

Die/...

Die Roomse Kerk.

Gaan u gereeld kerk toe? -- As ek tyd het, ja, want ek verkoop op Sondae. Ons kerkdienste word twee maal gehou op 'n Sondag. So, as ek kans het gaan ek kerk toe in die namiddag as ek nie werk het om te doen nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MR TIP : My lord, the next witness is also from Worcester and it is Mrs Miriam Moleleki.

MIRIAM VUYISWA MOLELEKI, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR TIP : Mrs Moleleki, you are a 45 year (10) old and married with children? -- Yes, I do have children and I am a married woman.

And you are presently employed as a community worker by die South African Council of Social Services? -- That is correct.

And do you work in Zweletemba where you are a resident? -- That is so.

Could you tell his lordship please what work you were doing in the course of 1984? -- I was working for the advice office. (20)

COURT : What advice office? -- This advice office had to do with people's problems. Like for instance when a person wanted to draw money from where he or she was employed, by making use of a blue card. Some of the problems were about when they were being discharged from employment. The other problems of the people were about the workers who originally came for instance from the Transkei to come and work in the Cape Province. Which problems were about them when they were being ill-treated in the sense for instance where they are

being/...

being assaulted, then they would come to us and ask for help.

Actually I do not want the whole gambit, but I just want to know is it from the Catholic Church or the SACC or a government office or what is it? -- I was working for the advice office during the year 1983 and part of 1984 when I left there. I am now employed at a new place of employment. The present place where I am employed now is controlled by the Roman Catholic Church.

And that place? -- South African Council for Social Service. (10)

MR TIP : Which body sponsored the advice office in Zweletemba during 1983 and 1984 whilst you were in that office? -- We were being sponsored by the ministers organisation and the WPCC.

And does that stand for Western Province Council of Churches? -- That is so.

Do you know of the organisation known as United Women's Organisation abbreviated as UWO? -- Yes, I do.

Was there a branch of that organisation in Worcester - in Zweletemba, I beg your pardon? -- That is so. (20)

And did you become the chair person of that branch? -- That is so.

COURT : When? -- In 1983.

MR TIP : Would you please give his lordship a brief indication of the purpose of the UWO and why a branch was formed in Zweletemba? -- The aims of this organisation by the women were there are certain things that we were asking for, which things were not being done by the authorities at the places where we were living at the time. The reason for the formation of this is in 1979 at the formation of the council (30)

in/...

in Zweletemba , we as residents of Zweletemba then had a very serious problem in Zweletemba, which problem was the lack of accommodation. There were no streets, no employment and we were not even able to provide our children with things that we ought to buy for the children. At times one would experience that you have a daughter who is getting married. After having been married there is no accommodation for them and they are therefore forced to stay with you in your house, the reason being that the location was last built, that is putting up structures of houses in 1954. (10)

ASSESSOR (MR KRUGEL) : The council you refer to in 1979, what council do you mean? -- The council which was said we must vote for, which council was to represent the residents of Zweletemba.

Community council? -- Yes.

MR TIP : On that subject, did you yourself vote in the course of the elections for that community council in 1979? -- Yes, I did.

If necessary you can tell his lordship further about the objects of the UWO, but I would like to ask you this (20) at this stage. Again briefly, could you give his lordship an indication of how it set about its work? -- Is that now during 1979?

COURT : When did you become involved in it for the first time? -- It was started with us there in 1982.

MR TIP : From approximately that date, how did the UWO get on the way in Zweletemba? -- What happened is that we as women came together. We used to meet and then try and go and speak to the employers at different places for employment. (30)

Could/... .

Could we go on to another organisation which had a branch in Zweletemba and that is the Western Cape Civic Association, abbreviated WCCA. -- Yes, there was a branch.

Do you remember when a branch was formed in Zweletemba of that organisation? -- It was in 1982.

And did you become an additional member of the executive of that body? -- That is so.

COURT : At its formation? -- Yes, at its formation.

MR TIP : And did you remain an additional member of the executive during 1983 and 1984? -- That is so. (10)

Could you again please briefly give his lordship an indication of the matters that the WCCA was concerned with in Zweletemba and how it tried to carry out its work? -- It had to do with the assisting of the people accommodation wise, namely for instance when parents were to die and the children remaining, then they had to do with the assisting of the children to be accommodated or in a case where people were evicted from houses, they also had to do with the accommodation of those people.

COURT : Did they attempt to get these children to stay in(20) the house or did they seek alternative accommodation for the children? -- They were trying to discuss this in solving it this way that the children remain in the house. They must not be evicted from the house. Other problems which were being addressed by this residents' organisation was to look into the problem of the streets and the shortage of accommodation. This they would take up with those in authority in a form of discussing that with them.

MR TIP : Could you describe please how you set about discussing these matters with the people in authority? -- (30)

We used to write letters to the council requesting to meet them for a discussion and if they were refusing to meet us, then we would write to Mr Pienaar and then go and speak to him about matters relating to housing.

Did you become aware in the course of 1983 of the national launch of the United Democratic Front? -- Yes, I got to know about that.

And did you attend at all in the course of the launch proceedings? -- I am not clear. Launch proceedings in what way? (10)

The launch on 20 August 1983? -- Yes, I did.

Do you recall for what part of the launch you were there? -- Well, I can remember slightly because on our arrival there it was already after midday.

COURT : Did you attend the conference or did you attend the rally? -- I attended the one which was held after midday.

In the open air stadium? -- Yes, outside.

MR TIP : Is it correct that the United Women's Organisation and the Western Cape Civic Association became affiliates of the UDF? -- That is so. (20)

Did you at the launch or at any stage hear anything about the UDF being involved in a conspiracy to overthrow the state by violence or through other lawful means? -- No, I did not hear about that.

Did you personally ever become part of any such conspiracy? -- No.

After the launch of the UDF in August 1983 can you tell his lordship what the relationship was between the UDF and the Zweletemba branches of the UWO and WCCA? -- Can you repeat that one? (30)

Yes/...

Yes, perhaps I should try and put it differently.

COURT : If you put it differently I have to rewrite my whole sentence. So, will you please repeat the same sentence?

MR TIP : I will do my best to repeat it. After the national launch of the UDF in August 1983, could you tell his lordship please what was the relationship between the UDF and the Zweletemba branch of the UWO and the Zweletemba branch of the WCCA? -- What I knew was the following, that UDF was according to the UDF people there to assist us, namely the people there in Zweletemba including the two bodies, the (10) organisations in the sense that they would come and get our complaints and then take them further with the authorities.

Perhaps I could ask you this. Did you personally attend any council meetings of the UDF? -- No, not myself. There were people that were delegated to that.

Did you in the Zweletemba branches of those two organisations the UWO and the WCCA as far as you know receive UDF documents, minutes, literature? -- No, not direct to us. These were being sent to the UWO main branch and the WCCA main branch in Cape Town and then some officials from the (20) head office there would come to us and address us on what had been received. I am sorry, it is just vice versa. Members who were delegates from Zweletemba would go to the main branch which is in Cape Town.

COURT : And do what? -- To go and attend where the decisions were being discussed.

MR TIP : I would like to go on to a different aspect with you. You had mentioned to his lordship various problems in the township. By September 1984 to what extent had any of those problems been attended to? -- None of them was attended (30)

to/...

to.

Was there any discussion about what should be done about this situation? -- Yes, there was a discussion in which we were involved.

Who do you mean by we? -- By we I mean the then council was invited to a meeting. I am sorry, the council invited the residents to a meeting.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Again are we talking about the community council? -- That is so. It was at this meeting when I say we discussed it, that we questioned the council about that, (10) that is the residents asking from the council "We were talking and complaining about houses, which you promised that you were going to provide. Up until now we do not have them. What happened to that?" That is what happened to the houses which you promised.

COURT : When was this? Was this in September 1984? -- No, not in September, some time in June. I am not quite certain exactly what the month was, but I think somewhere in June.

And was it a public meeting? -- That is so, a public meeting of Zweletemba residents. (20)

Where was it held? -- Civic Hall in Zweletemba.

MR TIP : Could you tell his lordship did this meeting come to a satisfactory conclusion as far as the residents were concerned? -- Not at all. The community, that is the audience was shouting at them calling them "nopopi".

COURT : Meaning? -- Dolls. You are causing the struggle within us, in the sense of creating problems, because you are not helping us with the problems that we put forward to you. We in the organisation then decided to sit down and think about what can be done because these people were not (30)

interested/...

interested in talking to us. Whenever we ask for an appointment to meet them, they are not prepared. Therefore, we are now to sit down and find a solution.

Which organisation? -- Both the civic and the women's organisation, UWO.

MR TIP : Before you go on to tell his lordship about what was decided, you mentioned the words "puppets" and "nopopi."

COURT : Dolls.

MR TIP : I see. -- They were shouting them as puppets, which puppet I said was nopopi and the literal meaning of(10) nopopi is dolly.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : But was the audience actually shouting the word puppet? -- Yes.

COURT : What was the language that was used at this meeting? -- Xhosa.

Is there a Xhosa word puppet? -- We do not have that word in Xhosa puppet, but that was the word which was uttered by the audience towards the councillors.

Is that the first time you heard it? -- No, it was not the first time. I used to hear this word being mentioned (20) prior to that, because I remember at times the council itself calling themselves as puppets.

MR TIP : More or less when did you hear that happening? -- Do you mean the mentioning of the word puppet?

Yes? -- It was at this meeting that we attended.

COURT : When did you hear it for the first time that the councillors called themselves puppets? -- That was in 1982 during the time of the resignation of the group which was elected into the council in 1979.

MR TIP : Just to be precise, does that answer relate to (30)

when/...

when the councillors themselves spoke about puppets? -- It was said in this fashion the then community councillors came to address the community and said to the community "We have realised that since our being there there was no progress. As a result we, as councillors, have realised that we are puppets."

When did you personally for the first time in Zweletemba. hear the word puppet being used? -- It was in 1982.

Would you go back now to the organisations' discussions, that is the UWO and the WCCA, discussing what would be (10) done after the meeting in June 1984 which you told his lordship about? What was the result? What decisions did those organisations come to? -- We decided on a paper to be written to make it clear to the councillors that we really need the houses. The other councillors did not own businesses. We therefore decided on a boycott of the vehicles of the councillors.

When you say the vehicles of the councillors, which councillors? -- This I am saying in respect of the second group of councillors, not the first group that resigned (20) but the second group after those that resigned.

Was a pamphlet drawn up? -- That is so.

Would you look at EXHIBIT AB1. Is that the pamphlet which was drawn up in fact? -- That is so.

COURT : By which organisation? -- The residents organisation.

Which one? -- The civic association.

Is that now the WCCA? -- That is so.

What about UWO? -- UWO was not taking any decisions. It was just merely supporting.

MR TIP : Was there any intention on the part of WCCA and (30) -

UWO that the boycott that you called for should be accompanied by threats of any sorts to the councillors? -- Our aim was just to show to them how much bad we feel about this and it was not to intimidate or to attack.

COURT : A date is mentioned in the pamphlet, 15 September, that is the start of the boycott. -- That is so.

How long before that date did you draft this pamphlet? -- It was about a week because we met once in that week and this pamphlet was discussed and then thereafter it was issued.

So, your discussion took place about a week before (10) the 15th? -- No, I do not mean it was a week before the 15th. What I mean is, during the same week of the 15th, it could have been the 13th or the 14th, but in that week.

MR TIP : Did you see the pamphlet after it was prepared but before it was distributed? -- No, what happened is, I was present which it was discussed. I therefore left it behind with the draftsman of this pamphlet. When it was distributed I was not home. I was attending a funeral in Cape Town. Therefore I did not see it prior to it being distributed. (20)

You mentioned that you were in Cape Town. From when to when were you in Cape Town on that occasion at the funeral? -- I boarded a train at 04h00 from Worcester which arrives in Cape Town at about 09h30. I went to the funeral. I stayed in Cape Town the Saturday and Sunday. I only left Cape Town on Sunday evening.

Just to be precise on the record was that the Sunday evening after the pamphlet was to be distributed on 15 September? -- Yes.

Would you please also look at EXHIBIT ABA2. Can you (30)

tell/...

tell his lordship whether you at any time saw that pamphlet ABA2 in Zweletemba or anywhere else? -- No, I do not know this pamphlet. I did not see it.

Did it have anything to do, to your knowledge with the Zweletemba branches of the UWO or WCCA? -- No, we do not know this document.

At any time after 15 September 1984 did the UWO and WCCA ever talk about violence or threats or intimidation of any sort to be carried out against councillors or any other persons in Zweletemba? -- We never had such a talk. The (10) only discussions we had was with a view of talking to them.

Did you ever discuss running any sort of campaign against councillors? -- No, we never had such a talk.

Did you know Mr Tsobo? -- He is a resident of Zweletemba and a taxi man in Zweletemba.

Did you know where he lived? -- He stays in the township some distance away from me further down.

Did you at any stage become aware that his house had been burnt out? -- I heard of that, yes.

Could you tell his lordship approximately when it was? (20) -- If my memory serves me well, although I do not quite remember, but I can say that that happened in 1985.

COURT : Does he still live in Zweletemba? -- I do not see him around there. He stays far away from me, further down in the township.

KRUI SONDER VRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, ken u vir Abel Dlikilili? -- Ja, ek het vir Dlikilili.

Hy is gekies as die voorsitter van hierdie Western Cape Civic Association in 1982 met die stigtingsvergadering. Is dit reg? -- Dit is so. (30)

En Shepard Matshoba? -- Ek ken hom.

Hy was as vise-voorsitter gekies in 1982 met die stigtingsvergadering van die Western Cape Civic Association? -- Dit is so, ja.

Amos Dabadi, ken u hom? -- Ek ken hom.

Hy was gekies as die sekretaris by dieselfde geleentheid? -- Dit is so.

Elizabeth Bushwana? -- Ek ken haar.

Sy was op dieselfde geleentheid gekies as die hulp-sekretaris? -- Dit is so. (10)

Themba Mashwanyela? -- Ek ken hom.

Gekies as die tesourier op dieselfde geleentheid? -- Dit is so.

Dan was daar drie addisionele lede. U het klaar gesê u is een. Die ander twee was Mathews Kapa? -- Ja.

En Harris Sibeko? -- Ja, dit is so.

Kan ons net seker maak, die vroue-organisasie UWO, wanneer is hy gestig in Zweletemba? -- In 1982. Ek kan net nie die maand onthou nie.

Voor of na die Western Cape Civic Association? -- Na. (20)

Kan ek net vir u so vra. Die Western Cape Civic Association, sal u saamstem was gestig ongeveer Oktober 1982? -- Ja, dit is so.

HOF : Was daar ook takke van die Western Cape Civic Association in die kleurlingbuurte van Worcester? -- Nee.

Enige besondere rede? -- Ek kan geen rede gee hoekom nie, maar daar was net nie 'n tak daar nie.

En van UWO, was daar takke van in die kleurlingwoon-buurte? -- Nee.

Sou 'n mens dan sê dat UWO en Western Cape Civic Association (30) organisasies/...

organisasies vir swartmense is? -- Dit het bestaan, dit is die Western Cape Civic Association in Zweletemba omdat dit gestaan het vir die klagtes van die mense van Zweletemba. Dit het te doen gehad met die inwoners van Zweletemba. Of dit nou gestig was by die kleurlinggebiede, weet ek nie.

MNR. FICK : Het u gehoor in Worcester ook van 'n Worcester Inwonersvereniging? -- Ek het daarvan gehoor, ja.

Is dit 'n organisasie wat in die kleurlingwoonbuurtes bestaan het? -- Ja, dit is so.

U het nou vir ons gesê u het voorsitter gesword van (10) van UWO in Zweletemba in 1983. Maar in 1982 toe hy gestig is, wie was toe die voorsitter? -- Ek het nie gesê nie. Ek het gesê van 1982 af.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Ek onthou dat u vir my gesê het u was van 1983 af voorsitster van UWO of sê u nou u was die eerste voorsitster van UWO? -- Ek was die eerste voorsitster.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MIRIAM VUYISWA MOLELEKI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, terwyl (20) ons besig is met die Western Cape Civic Association, is dit so dat die tak van die Western Cape Civic Association in Worcester was deel van 'n groot organisasie bekend as Western Cape Civic Association?

HOF : Worcester of Zweletemba?

MNR. FICK : Zweletemba? -- Ek verstaan nie die vraag nie. Wat is die vraag?

HOF : Wel, het u nie die vraag al eintlik beantwoord toe mnr. Tip u vrae gevra het nie? Julle het afgevaardigdes gestuur na die "main body" het u dit genoem in Kaapstad. (30)

Ja/...

-- Ja.

MNR. FICK : Hoe het dit gekom dat julle in Zweletemba besluit het om 'n tak te stig van die Western Cape Civic Association en nie heeltemal 'n ander organisasie nie? Hoe het dit gekom dat julle deel van hierdie organisasie geword het? --Die rede daarvoor is omdat ons besef het die probleme daar is identies met ander plekke se probleme.

Laat ek vir u so vra. Het die inisiatief van julle uitgegaan, om 'n tak van die Western Cape Civic Association te stig of het julle mense gekry van soos jy sê die "main(10) body" van die Western Cape Civic Association om julle te kom toespreek? -- Dit is mense wat van die hoofkwartier te Kaapstad gekom het wat met ons hier kom praat het daaroor.

En voorgestel het julle word 'n tak van hulle Western Cape Civic Association? -- Dit was die idee, ja.

En het dieselfde ding gebeur in die geval van die United Women's Organisation? -- Dit is so.

Ek wil net eers uitvind by u van die United Women's Organisation. Is dit so, behalwe u het op die bestuur ook nog gedien Elizabeth Bushwana? -- Ja, dit is so. (20)

En ook 'n persoon met die naam van Yvonne Khutwana? -- Dit is so.

Asook 'n vrou met die naam van Nogoli en die van is Nofemela.

Is dit nie so dat daar ook in Zweletemba by die hoërskool 'n COSAS, Congress of South African Students nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u in 1984 of 1985 enige kinders op hoërskool gehad in Zweletemba? -- Ek het eers in 1985 'n kind in die hoërskool gehad. (30)

Weet/...

Weet u tot vandag toe nog nie of daar 'n COSAS tak by die hoërskool in Zweletemba was in 1985 of vroeër nie? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Het u 'n gehoor van 'n organisasie vantevore met die naam van die Cape Youth Congress? -- Nee, ek het net gehoor, maar ek weet nie daarvan nie.

HOF : U meen gehoor dat dit in Zweletemba is of gehoor in die algemeen dat dit in die Kaap érens is? -- Ek het net gehoor dat daar so 'n organisasie was in die Kaap.

MNR. FICK : Hierdie Elizabeth Bushwana, hoe oud was sy (10) gewees hier in 1985 rond? -- Sy was nie so oud gewees nie. Sy was tussen die ouderdomme 28 en 30.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie Elizabeth Bushwana wat saam met jou gedien het op die bestuur van UWO en Western Cape Civic Association was ook 'n lid van hierdie Cape Youth Congress? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Kort julle hom af na CYCO? -- Ek hoor net daarvan dat dit so verkort word as CYCO, maar ek weet nie van die bestaan van CYCO in Worcester nie.

MNR. FICK : 'n Organisasie met die naam van die Cape Housing (20) Action Committee, het u al vantevore daarvan gehoor? -- Ja, ek het.

Bestaan dit in Zweletemba? -- Nee.

Ken u 'n persoon met die naam van Ferdinand Fourie? -- Ja, ek ken hom.

Ek wil aan u stel hy is 'n lid van CAHAC? -- Wat beteken dit nou? Is dit die afkorting van wat?

Cape Housing Action Committee? -- Ja, hy was 'n lid daarvan.

Ken u 'n persoon met die naam van James Issel? -- Ja, (30) ek/...

ek ken die persoon.

Waar woon hy? -- By die kleurling se area.

Aan watter organisasie behoort hy? -- Hy is 'n lid van die Housing Action Committee waar Ferdinand betrokke is.

Ken u ook vir Davey Peterson? -- Ja, ek ken die persoon.

Is hy ook 'n lid van hierdie Cape Housing Action Committee in Worcester? -- Dit is so.

U het vir die hof gesê u het gewerk by die advieskantoor? -- Dit is so.

En hy is deur die Western Province Council of Churches(10) voorsien van fondse? -- Dit is so.

Is dit ook so dat hierdie Western Province Council of Churches is 'n geaffilieerde van UDF weer? -- Ek weet nie daarvan nie.

U het nou vir die hof gesê wanneer het u nou gekom op die bestuur van United Women's Organisation. Tot wanneer het u lid gebly van die United Women's Organisation? -- In 1985.

Wanneer in 1985? -- In Augustus.

Tot wanneer was u lid van die Western Cape Civic Association? -- Tot in Oktobermaand.

Watter jaar? -- In 1985.

Is daar enige spesifieke rede waarom u opgehou het om lid te wees van die twee organisasies? -- Daar was nuwe mense gekies.

HOF: Op die besture? -- Ja.

Toe val u heeltemal uit by albei? -- Dit is so, ja.

MNR. FICK : Maar het u nog gewone lid gebly van hierdie twee organisasies? -- Ek is nie meer 'n lid van beide nie.

HOF : Nie meer 'n lid van enigeen van die twee nie? -- Nie(30)

meer/...

meer 'n lid van enige van die twee nie.

MNR. FICK : Dan vra ek u weer, waarom het u opgehou om 'n gewone lid te wees van hierdie organisasies? -- Dit is omdat ek baie dinge te doen gehad het met die kerk.

Ek wil met u teruggaan na Mei 1983. Is dit nie so dat UWO, die Western Cape Civic Association en CAHAC het 'n afvaardiging gestuur na Kaapstad waar die beoogde stigting van UDF nasional bespreek was nie?

HOF : Bedoel u nou hiermee organisasies in Zweletemba of algemene organisasies? (10)

MNR. FICK : In Zweletemba? -- Dit is so, ja.

En u was die afgevaardigde namens UWO van Zweletemba? -- Dit is so.

Daar het Trevor Manual aan u verduidelik dat die UDF gekant is - gestig sal word om te werk teen die swart plaaslike besture en die nuwe grondwetlike voorstelle? -- U sal dit vir my moet verduidelik wat die bedoeling is van die vraag. Dit is nie vir my duidelik nie.

Kom ons breek dit op. Trevor Manuel het vir julle verduidelik dat die UDF word gestig om te werk teen die raadstelsel, die gemeenskapsrade wat ingestel is in die swartwoonbuurtes? -- Ek kan nie so goed onthou nie. (20)

En hy het verder ook verduidelik dat die UDF sal werk teen die nuwe grondwetlike bedeling wat in werking sou kom, naamlik die drie verskillende kamers van die parlement? -- Dit is so, ja.

En hy het ook 'n beroep gedoen op al die afgevaardigdes wat daar was om saam met UDF te werk om deel te word van UDF dat hulle daarin kan slaag om die grondwetlike voorstelle en voorstelle van die nuwe swart plaaslike besture (30)

tot/...

tot niet te maak. Is dit reg? -- Dit is so.

Het UWO besluit op daardie vergadering in Mei 1983 of enigsins net daarna om wel te affilieer by UDF? -- Dit is so, ja.

En die Western Cape Civic Association, wie van Zweletemba het hulle verteenwoordig by hierdie vergadering in Mei 1983? -- Abel Dlikilili.

U wat nou op die Western Cape Civic Association bestuur ook is, weet u of hulle net daarna of op hierdie selfde vergadering besluit het om te affilieer met UDF? -- Ja, (10) ek onthou dat dit so is.

Weet u wat was die houding van CAHAC? Het hulle gaffiliee met UDF of net daarna? -- Ek kan nie onthou wat CAHAC besluit het daaromtrent nie.

Dan 'n ander aspek wat ek met u na toe wil gaan ken u vir eerwaarde Pete Grassow? -- Ja, ek ken hom.

Van watter kerk is hy? -- Methodist.

Is dit in Zweletemba? -- Nee, in die dorp.

HOF : Dit is nou die blankedorp? -- Dit is so.

MNR. FICK : Woon u herdenkingsdienste by wat gehou word (20) in Zweletemba jaarliks? -- Van hulle, ja. Party gaan ek nie bywoon nie, omdat ek nie kan gaan nie.

Hierdie jaar 1983, nadat u by hierdie vergadering van UDF was, het u na daardie jaar 16 Junie se herdenkingsdiens gegaan in Zweletemba? -- Nie in Zweletemba nie. Daar was nie 'n herdenkingsdiens gehou nie.

Waar was u gewees in 1983 met die herdenkingsdiens? -- Ek was in Zweletemba gewees.

Miskien het u my verkeerd verstaan. Was u by 16 Junie 1983 se herdenkingsdiens? -- Nee, ek het dit nie bygewoon(30) nie/...

nie.

Is dit ook so dat u het in die omgewing van Juniemaaand 1983 kennis gekry dat UDF nasionaal gaan gestig word op 20 Augustus 1983 in die Kaap? -- Ja, dit is so. Ek het daarvan gehoor.

Is dit so dat jou organisasies UWO en Western Cape Civic Association en CAHAC het toe op groot skaal begin organiseer in Zweletemba en die ander woongebiede daar, kleurlingwoon-gebiede dat die mense soveel as moontlik hierdie stigtingsvergadering moet gaan bywoon? -- Herhaal dit? (10)

U organisasies, UWO en Western Cape Civic Association en CAHAC het toe begin organiseer in Zweletemba en in die kleurlingwoongebiede om soveel as moontlik mense te kry om die stigtingsvergadering van UDF te gaan bywoon? -- Ons het nie 'n besluit geneem oor die kleurlinge nie. Wat ons wel gedoen het was ons het eers bymekaar gekom as organisasies van Zweletemba.

Maar die punt is, julle in Zweletemba dan, UWO en Western Cape Civic Association het dadelik begin organiseer om mense te kry om hierdie stigtingsvergadering van UDF (20) te gaan bywoon? -- Dit was die besluit gewees, ja, dat die mense daar teenwoordig moet wees. Dat hulle soontoe gaan om self te gaan sien.

En julle het hierdie besluit toe uitgevoer? Net ja of nee? -- Ja, ons het.

En is dit ook so dat die UDF Wes-Kaap het ook 'n stigtingsvergadering gehou in Julie 1983 in die Kaap? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek het dit nie bygewoon nie.

Weet u glad nie daarvan dat daar so 'n vergadering gehou was nie? -- Nee, ek onthou nie. (30)

Ek sal vir u sê hoekom ek u vra ek sien in BEWYSSTUK C92 volume 6 "Minutes of the launching conference of the UDF Western Cape region held at St George's Cathedral Hall on 24 July 1983." Die eerste paragraaf almal "present" word gesê dat UWO, Western Cape Civic Association, 'n klomp ander organisasies en onder andere die Worcester Region verteenwoordig was. -- Ek was nie daar nie. Ek onthou nie die vergadering nie. Ek weet nie daarvan nie.

Weet u dat Worcester beskou was as 'n areakomitee, 'n area van die UDF Wes-Kaap? -- Ja, ek onthou dit. (10)

En is dit so dat beide UWO en CAHAC in Worcester het gedien op die UDF Wes-Kaap se areakomitee? -- Western Cape Civic en CAHAC het gedien daar, ja.

En UWO? -- Daar was 'n lid van UWO gewees wat daarby betrokke was.

Net vir die hof se gerief, ek verwys na bladsy 4 en 5 van dieselfde bewysstuk. Daar word gesê dat sekere "guidelines" neergelê is vir areakomitees en dan sal u sien op bladsy 4 en op bladsy 5 paragraaf (h) waar gesê word Worcester is 'n areakomitee. Wie van die Western Cape Civic Association (20) in Worcester het julle by die UDF Wes-Kaap verteenwoordig? -- Van ons kant af, dit is UWO was dit Elizabeth Bushwana en wie die Western Cape Civic Association verteenwoordig het was Abel Dlikilili.

Maar het hulle ooit hom terugrapporteer aan julle by UWO en Western Cape Civic Association van besluite van UDF? -- Hulle het gewoonlik teruggerapporteer, maar partykeer het hulle nie.

Weet u dat die UDF na sy stigting sekere kampanjes gevoer het? -- Ek onthou nie. (30)

Was/...

Was daar nie 'n kampanje onder andere dat daar 'n miljoen handtekeninge bymekaar gemaak moet word om te wys die mense is teen die swart plaaslike besture en die grondwetlike voorstelle nie? -- Dit is so, ja.

En net as 'n voorbeeld. Hierdie kampanje het julle in Zweletemba ook uitgevoer? -- Nie deur plaaslike mense nie. Daar was wel mense gewees wat dit uitgevoer het, maar die persone was van die Kaap af. Dit wil sê Kaapstad.

Was hulle van UDF self of waar het hulle vandaan gekom?  
-- Dit was UDF mense in die Kaap wat daar gekom het. (10)

Hoe lank het hulle hierdie kampanje gevoer in Zweletemba? Hoeveel dae was hulle daar aan die gang of hoeveel weke? -- Ek weet nie hoeveel dae dit geduur het nie, want toe hulle by my gekom het, het hulle net gesê dat ons moet teken vir die kampanje.

Het hulle orals in die strate en by die huise langs gegaan en handtekeninge ingesamel? -- Hulle het mense besoek, ja. Ek weet nou net nie of hulle mense in die huise besoek het nie, maar toe hulle by my aangedoen het, het hulle my in die huis gevind. (20)

Was daar plakkate opgesit in die woonbuurt wat hierdie kampanje van UDF adverteer en vir die mense sê hulle moet teken en hoekom hulle moet teken? -- Ja, daar was.

Dan nog steeds, kan ons net hierdie ding afrond. Hierdie kampanje was ongeveer in 1984 wat hulle so gekom het en handtekeninge bymekaar kom maak het. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Dan wil ek met u teruggaan waar ons laas was by Julie 1983. Is dit nie so nie dat julle in 1983 op 'n sekere Sondag is u en ander mense, ek sal nou vir u die name gee na (30)

Nyanga/...

Nyanga-Oos by Kaapstad waar die Western Cape Civic Association  
n vergadering gehou het nie? -- Ja, dit is so.

Saam met u was hierdie Shepard Matshoba, Harris Sibeko,  
Elizabeth Bushwana, Abel Dlikilili en Amos Dabadini? -- Dit  
is so.

En die vergadering is gehou om weer eens te bespreek  
die beoogde stigting die volgende maand van UDF nasionaal?  
-- Dit is so, ja.

En daar is op hierdie vergadering besluit dat julle  
moet almal verenig, "unite" onder UDF. Is dit reg? -- Ja, (10)  
dit is reg.

In die week van 13 tot 20 Augustus 1983 is dit reg, was  
daar verskeie plakkate aangebring in Zweletemba en die ander  
woonbuurtes in verband met die stigting van UDF nasionaal?  
-- Ek kan nie onthou nie. Dit is nie so nie.

HOF : Sê u dit is nie waar nie of sê u u kan nie onthou  
of dit so is nie? -- Herhaal dit net weer? Wat is die datum  
waarvan u gesprok het?

MNR. FICK : Die week net voor die stigting van UDF. Toe  
was die plakkate aangebring in die woongebied wat sê die (20)  
UDF word gestig 20 Augustus 1983, almal moet Kaap toe gaan?  
-- Dit het ek gesien.

Waar kom hierdie plakkate vandaan? Wie het dit gaan  
opsit daar? -- Ek weet nie.

Is dit nie julle organisasies nie? -- Dit was nie ons  
nie. Ons het een mōre daar opgestaan toe is die plakkate  
daar. Ons weet nie.

Nou wil ek met u gaan na 20 Augustus 1983. Dit is soos  
u gesê het, u was daar gewees, maar is dit nie so dat ook  
Matthews Kapa en Shepard Matshoba was onder andere by (30)

hierdie/...

hierdie stigting van UDF nie? -- Hulle was.

En julle het nie deelgeneem aan die vergadering waar besluite is nie, julle was te laat vir daardie vergadering?  
-- Dit is so.

HOF : Was julle afgevaardigdes? "Delegates"? -- Daar was afgevaardigdes gewees.

Nie julle drie nie? -- Nee, nie ons drie nie:

MNR. FICK : Die afgevaardigdes, het hulle saam met julle gery in dieselfde voertuig Kaap toe? -- Die reëling was dat hulle vroeër moes gery het in 'n voertuig wat vroeg weg is. (10) Hulle het dit nie gehaal nie. Dus het hulle saam met ons daar gekom wat in 'n bus gery het.

HOF : En toe is hulle te laat? -- Ja.

MNR. FICK : Selfs die verteenwoordiger van UWO was ook te laat volgens u? -- Ja.

U sien, en die afgevaardigde van CAHAC in Zweletemba, was hy ook te laat? -- Ons het nie CAHAC in Zweletemba nie. Ons het net die "civic".

Laat ek vir u so vra, die CAHAC se verteenwoordiger van Worcester was hy ook te laat? -- Ons het nie dieselfde (20)ervoer gebruik nie. Ek weet nie of daardie persoon betyds was of laat was nie.

Hoekom ek vir u hierdie dinge vra is, ek sien in BEWYS-STUK A1 op bladsy 60 word die volgende gesê "List of organisations with branches and affiliates that registered as participants at the national conference of the United Democratic Front on August, 20th 1983." Dan as 'n mens daar kyk op bladsy 61 heel onder regs word daar gesê Worcester Youth, hulle was daar, op bladsy 62 die eerste kolom onder die paragraaf "(d) Civics Cape Areas Housing Action Committee." (30)

Dan/...

Dan sal 'n mens sien daar amper aan die einde van hierdie paragraaf "Worcester Housing Action Committee" was daar en dan sien 'n mens onder "(e) Women United Women's Organisation" en die tweede laaste naam is Worcester. Hiervolgens lyk dit vir my hulle was by die konferensie? -- Die waarheid is, al is dit daar geskryf was ons nie daar nie, ons het laat opgedaag.

HOF : Kan dit nie wees dat julle afgevaardigdes toe julle laat is ingegaan het en maar gaan registreer het nie? -- Dit kan wees, maar ons weet nie daarvan nie. (10)

MNR. FICK : Ek wil met u gaan na 'n ander datum. Is dit so dat gedurende November en Desember 1983 daardie tydperk is afgevaardigdes van die Western Cape Civic Association van Zweletemba ook na 'n UDF konferensie in Port Elizabeth? -- Ek weet nie.

Matthews Kapa en Shepard Matshoba was die afgevaardigdes? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek wil met u dan gaan na die datum van 15 Desember 1983. Is dit nie so dat daar 'n vergadering in Worcester gehou was wat gereël was deur die volgende persone nie? Dit was 'n(20) UDF vergadering? In Zweletemba? James Issel, Davey Peterson, Shepard Matshoba en Abel Dlikilili. -- Dit kan so wees.

Nie kan wees nie, dit is so. U het as tolk opgetree? -- Ja, dit is so.

Behalwe dit, u het ook selfs gepraat namens UWO op hierdie vergadering? -- Dit is so.

U het vir die mense daar gesê, die vrouens veral, hulle moet aansluit by UWO en die raadslede verwerp, die mense moet die raadslede verwerp? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Het julle op hierdie vergadering enigiets te sê gehad(30)

oor/...

oor die raadslede of die raadstelsel? -- Ja, daar was iets.

Ja, hulle was gekritiseer en daar is gesê hulle doen nie hulle werk nie, mense moet hulle nie steun nie? -- Dit is nie so nie.

Het julle op hierdie vergadering van die raadslede gepraat as die "puppets"? -- Dit is nie so nie.

Wat het julle van die raadslede gepraat? Het julle hulle geprys? -- Nee, ons het hulle nie geprys nie. Ons het gepraat van dinge wat hulle nie uitgevoer het waарoor ons gekla het by hulle as inwoners nie. Byvoorbeeld, as ons (10) werk gaan soek het by die blankes, dan sê die blankes vir ons die werk is geserveer vir kleurlinge in die Kaap.

HOF : Wie moes iets daaromtrent gedoen het? -- Ons het gekla hieroor dat ons bymekaar moet kom as vroumense om met die mense wat in beheer is te gaan praat, want ons het hierdie probleem gehad. Ons gaan na die fabrieke toe en dan sê die fabrieksmense daar "Ons wil julle graag in diens neem, ons kan julle in diens neem, maar die administrasieraad se wet is dat ons mag julle nie hier in diens neem nie." Met die gevolg is dat ons gevoel het dat ons met die mense moet praat (20) om dit reggestel te kry.

MNR. FICK : Ek wil dit net aan u stel oor hierdie vergadering dat op hierdie UDF vergadering was die raadslede gekritiseer, hulle is uitgemaak as "puppets"? -- Ek het hier vir die hof gesê dat die gebruik van die woord "puppet" het iewers daar in 1981/82 begin waar dit gebruik was deur mense wat op die raadslede geskreeu het as "puppets" asook die raadslede self wat daardie woord gebruik het destyds al. Dit is voordat UDF tot stand gekom het.

HOF : Ja, maar het die mense nou vergeet van die woord nadat (30)

UDF tot stand gekom het? -- Hulle het dit nie vergeet nie, want hulle het dit self gebruik.

Is dit dan op hierdie vergadering ook gebruik? -- Ek onthou nie dat dit daar gebruik was nie.

MNR. FICK : Nou wil ek met u gaan na 'n volgende vergadering in Maart 1984. Die vergadering was gehou aan huis van Matthews Kapa. Is dit so dat julle Western Cape Civic Association het taamlik gereeld julle vergaderings gehou, nie openbare vergaderings nie, maar julle komiteevergaderings by die huis van Matthews Kapa? -- Dit is so, ja. (10)

En is dit so, julle het hier in Maart 1984 julle vergadering gehou nadat u, Matthews Kapa self, Shepard Matshoba en Elizabeth Bushwana van die Kaap af teruggekom het waar julle by 'n Western Cape Civic Association vergadering in die Kaap was? -- Ja, dit is so.

En by die vergadering in die Kaap, dit is waar julle gaan rapporteer het dat julle probleme het omdat die inwoners steun die raadslede en julle kry nie soveel ondersteuning vir die Western Cape Civic Association en UWO nie? -- Dit is nie so nie. Ons het baie mense gehad wat ons ondersteun (20) het as gevolg van die probleme wat die mense ondervind het.

En is dit nie so nie, in die Kaap is julle ook gesê dat julle moet sterker optree teen die raadslede en die raadsstelsel? -- Dit is nie so nie.

En by hierdie vergadering in Maart 1984 wil ek aan u stel het julle 'n handgeskrewe pamflet opgestel wat uitgedeel is onder die gemeenskap? Ek wil die pamphlet aan u toon en dan kan u kyk. U edele, hy is in 'n swarttaal met 'n vertaling by. My geleerde vriend het nog nie die vertaling gesien nie. Ek sal later met hom probeer ooreenkomm omtrent die (30)

vertaling/...

vertaling. -- Nee, ek ken nie hierdie dokument voor my nie.

Het u nog nooit hierdie dokument gesien nie? -- Ek het nog nooit hierdie papier nou voor my vantevore gesien nie.

Ek wil dan met u gaan na 'n volgende datum. Is dit so dat op 12 Augustus 1984 het UDF in Worcester weer eens 'n massavergadering gehou?

HOF : In Zweletemba of in Worcester?

MNR. FICK : My notas is nie duidelik nie. Ek weet nie.

Kom ons hoor eers. Was daar 'n vergadering gehou van UDF op 12 Augustus 1984 in Zweletemba? -- Nie in Zweletemba nie. (10) Daar was nie 'n vergadering gewees nie.

In enige ander woongebied in Worcester? -- Ja, daar was gewees by die kleurlingwoonbuurt.

En uself was ook 'n spreker op die vergadering? -- Ek onthou dat ek 'n spreker was, ja.

Hierdie vergadering was weer gereël deur James Issel en Davey Peterson? -- Dit is hoe ek dit verstaan het, ja.

En in hierdie vergadering het dit onder andere gegaan oor die huis van verteenwoordigers se kandidate? -- Ja, dit is so. (20)

En u het weer namens UWO gepraat op die vergadering en vir die vroue gesê "Kyk, julle moet nie stem nie"? -- Moenie stem vir wat nou nie?

Vir die kandidate van die huis van verteenwoordigers in die verkiesing wat kom? -- Watter vrouens praat u van? Van die lokasie of van wat?

Kleurlingvroue? -- Nee, ons het net te doene gehad met dinge wat voortgespruit het uit Zweletemba.

HOF : Waaroor praat u dan? -- Die rede hoekom ek daar gaan praat het was omdat my toespraak die volgende behels het. (30)

Ons/...

Ons in die swartwoonbuurt as vroumense het verenig. Vroumense moet almal verenig met een doel. Dit is naamlik dat ons almal deel moet neem aan die verkiesings van die land met die oog daarop om ook by die parlement eendag uit te kom. Dit was die doel van my toespraak.

MNR. FICK : Kom ons probeer dit net duideliker kry. U het seker nie vir die kleurlingvroue gesê julle moet gaan stem nie, maar u het vir hulle gesê hulle moet nie aan hierdie verkiesings deelneem nie, want die vrouens as 'n eenheid, met ander woorde die swartvrouens veral het nie verteenwoordiging(10) in die parlement van die land nie. Is dit wat u gesê het?  
-- Nee, ek het nie so gesê nie.

Verstaan ek u reg, u het die kleurlingvroue aangemoedig om te gaan stem op hierdie vergadering? -- Niks was gesê omtrent aanmoediging nie. Die mense wat ons daar kom besoek het, het ons kom sê van die aankomende verkiesings wat gehou gaan word en dus vir ons kom sê dat ons daarvoor moet wag en dit goed dink.

HOF : Hoe bedoel u goed dink? -- In die sin dat ons dit onder mekaar moet bespreek want dit is alreeds duidelik (20) dat die raadslede nie in staat is om ons klagtes verder uit te voer tot by die hoogste gesag wat in beheer is nie.

So, is dit dan so dat hierdie vergadering, dit is nou die een van 12 Augustus 1984 in die kleurlingwoonbuurt die raadslede bespreek is? -- Ja, in die sin, die mense het aan ons hier verslag kom doen dat daar weer 'n verkiesing gehou gaan word ten opsigte van die raadslede. Dit is wat daar bespreek was.

MNR. FICK : Maar het die verkiesing nie gegaan, soos ek net nou vir u gevra het en u saamgestem het dat dit gaan oor die (30)

kandidate/...

kandidate van die huis van verteenwoordigers nie? -- Dit was ook bespreek gewees in die sin dat wat bespreek is daar was oor die rasse wat verteenwoordigers het in die parlement en dit is toe gesê dat ons, die swartmense, het nie 'n verteenwoordiger in die parlement nie.

En verder gesê daarom moet daar nie gestem word in hierdie verkiesing nie, want dit verdeel die mense? -- Ja, dit is so.

Wie van UDF van buite Worcester distrik was op hierdie vergadering? -- Ek ken nie die mense van Kaapstad se name (10) nie.

Kan ek u so vra, was dit mense van UDF Kaapstad? -- Ja.

Ek wil met u na 'n ander datum toe gaan. Steeds in Augustus 1984 maar ek het nie 'n spesifieke dag nie. Gedurende hierdie maand het u en Elizabeth Buhswana en Shepard Matshoba weer saam met Matthews Kapa 'n vergadering in sy huis gehou? -- As ek mag vra, praat u daarvan of is u stelling dat net ons vier die vergadering daar gehou het of is u vraag of die besturende komitee as geheel die vergadering daar gehou het? (20)

Laat ek so vir u sê, dit was 'n komiteevergadering van Western Cape Civic Association? -- Dit is so, ja.

Ken u 'n man met die naam van Wilson Sedina? Hy is van die Kaap? Hy is van die Western Cape Civic Association daar? -- Ek ken hom.

Is dit nie so nie, hy het by hierdie vergadering van julle opgedaag en hy het vir julle kom sê maar die mense daar in die Kaap van die Western Cape Civic Association sê die raadslede moet geboikot word? -- Ons het nie besluite van ander plekke aanvaar nie. So, daar was niemand gewees (30)

wat/...

wat vir ons kon kom gesê het nie, want die probleem wat daar betrokke was het te doene gehad met ons inwoners van Zweletemba.

Maar is dit nie so nie dat Sedina het toe vir u gevra is daar raadslede in Zweletemba wat enige besighede het en toe het julle die ding bespreek en toe sê julle ja en Badi en Tsobo is die enigste twee raadslede wat besighede het en taxi's bestuur en julle het toe besluit hulle moet geboikot word? -- Hy het nie dit vir ons kom sê nie. Dit was ons besluit van Zweletemba. (10)

Wat het Sedina dan vir julle kom sê op hierdie vergadering? -- Sedina het nooit by 'n vergadering gekom wat ons in Augustus gehou het nie.

Ek wil aan u stel dat Sedina het toe aangebied om hierdie BEWYSSTUK ABA1 in die Kaap te laat publiseer en dit is wat gebeur het. Dit is hoe ABA1 gepubliseer is.

HOF : Gepubliseer of gedruk?

MNR. FICK : Gedruk is? -- Dit was deur ons self gemaak daar in Worcester. Hy het nie die idee daar gebring nie, ook nie so 'n brief vir ons gebring nie. (20)

Waar kry u die embleme van die Western Cape Civic Association en die UDF, die apparaat om hierdie goed te druk? -- Daar was mense wat gekies was te Worcester wat hierdie werk moes gedoen het van hierdie papier. Dit is BEWYSSTUK ABA1. So, hulle is die mense wat dit moes georganiseer is.

Wie is die hulle wat u van praat? Gee vir ons name, asseblief? -- Ons sekretaris. Hulle is die mense wat moes toegesien het dat hierdie pamphlet gedruk word.

HOF : Die twee sekretarisse? -- Ja, die twee sekretarisse.

MNR. FICK : Dit is nou Amos en Elizabeth? -- Wat is Amos (30)

se/...

se van?

Dabadi en Elizabeth Bushwana? -- Ja.

Waar het hulle hierdie pamflet ABA1 gemaak? -- Hulle was in Zweletemba gewees. Ek weet nie waar hulle dit gaan laat het of gemaak het nie, want toe ek sien toe was hierdie pamflet al daar.

U was tog op die bestuur van die organisasie. Het u nie belang gestel om uit te vind waar kom hulle aan die geriewe om hierdie goed te druk nie?

MR TIP : The word "druk" might occasion a little difficulty. (10) I understand it to mean "print" and that is not the state evidence.

HOE : Produseer.

MNR. FICK : U wat op die bestuur is, het u nie belang gestel om uit te vind waar kom hulle aan die apparaat en die vermoë om hierdie ding te produseer nie? -- Ek weet nie waarvandaan hulle dit gekry het nie, want ek was onder die indruk gewees dat dit sommer so op 'n papier die pamflet gemaak sal word.

Toe u nou sien dit is nie so nie, is die vraag het u nie gaan uitvind waar kom hulle aan die goed nie, hoe kry (20) hulle dit reg nie? -- Ek het hulle nie gevra nie.

Het u bespreek waar gaan die kostes vandaan kom vir die produsering van hierdie BEWYSSTUK ABA1? -- Ons het fondse gehad wat ons ingesamel het in die sin dat ons diskos gehou het, Partykeer het ons 'n bazaar gehou en dit is die fondse wat ons eintlik gebruik het om te spandeer as ons die bejaardes van Zweletemba iets wou laat geniet, byvoorbeeld om sop te maak vir hulle. Dan het ons ook van daardie fondse gebruik gemaak.

U sê dat BEWYSSTUK ABA1 is aan u voorgelê die konsep (30)

en/...

en dit is goedgekeur deur die komitee van die Western Cape Civic Association? -- Dit was nie voorgelê nie. Dit was net bespreek gewees. Tydens die besprekking was dit geskryf gewees. Die vergadering was op die 13de gewees.

Net soos julle die pamflet bespreek het, is dit soos hy geproduseer is, die bewoording? -- Dit is so, ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u nou praat van die vergadering op die 13de, praat u van die vergadering in Augustusmaand? -- Ja, dit is so.

HOF : Praat u van 13 September of 13 Augustus? -- Nee, (10) dit is September. Ek is nie meer seker nie. Tussen Augustus en Septembermaand. Ek is nie meer seker van die maand nie, maar wat ek vir die hof kan sê is dat ons sou net 'n dag oorgeslaan het en dan sou hierdie pamflet versprei word.

MNR. FICK : En sou die pamflet versprei word dieselfde dag wat die boikot in werking sou moes tree? -- Dit was die besluit van die komitee, ja.

Hoekom ek u vra is, as 'n mens kyk na die vertaling in die middelste paragraaf, dan sê u daar "We say as from Saturday, 15th September do not take these mentioned (20) taxi's. They must be boycotted." -- Dit is so, ja.

Volstaan u daarby dat u nie by was die dag van 15 September toe hierdie pamphlette uitgedeel is nie? -- Ek was glad nie daar nie.

Hoekom ek u vra is, die onbetwiste getuienis van die staat is dat u wel daar was, u het van die pamphlette in die hand gehad en uitgedeel aan die mense? -- Dit is nie die waarheid nie.

Saam met u het Matthews Kapa ook gestaan en uitdeel aan hierdie pamphlette? -- Dit kan wees dat Matthews Kapa daar (30) teenwoordig/...

teenwoordig was, maar ek het gerapporteer by die komitee dat ek die Saterdag nie teenwoordig gaan wees nie, ek gaan weg.

Die getuienis van MacDonald is dat hy het beslag gelê op BEWYSSTUK ABAL daar op die toneel waar u dit uitgedeel het? -- Waar het hy dit gekry?

By die ingang van die woonbuurt Zweletemba het u en Matthews Kapa gestaan en ander mense en dit uitgedeel? -- Ek hou vol daarmee dat ek nie daar was nie. Hy sal moet gaan uitwys presies waar ek gestaan het, want ek was nie daar nie.

Wat het julle bedoel in die middelste paragraaf van (10) BEWYSSTUK ABAL met die sin "They (dit is nou die raadslede) betray people with the aim of their own benefits"? -- Herhaal dit vir my?

HOF : Mn. Die tolk, lees die oorspronklike vir die getuie. -- Die idee daarvan is dat hulle wins wil maak en lekker lewe terwyl mense sukkel en mense daarvoor betaal in die sin dat hulle die vir hulle maklik gemaak het.

MNR. FICK : Maar beide raadslede Tsobo en Badi, het hierdie hof gehoor, het hulle besighede begin lank voor hulle raadslede was en die feit dat hulle raadslede was het daarmee (20) niks uit te waai nie? -- Dit is so, ja.

Op watter manier het hulle hulle self nou bevoordeel? -- Dit is omdat mense na hulle toe gaan om te gaan kla en hulle neem die klagtes nie verder nie. Mense gaan na hulle toe om vir hulle te sê waaroor hulle kla en hulle doen niks daaromtrent nie. Dit is om daardie rede dat dit so gesê word.

HOF : Ek kan die nou nie mooi verstaan nie. Hierdie pamflet sê hulle verkoop die mense en dit is vir hulle eie voordeel. Nou waar kom die eie voordeel in? -- Dit is omdat hulle (30)

vir/...

vir ons gesê het dat hulle word betaal vir 'n vergadering wat hulle bygewoon het waar hulle 'n vergadering gehou het.

Wat word hulle betaal? -- Die administrasieraad betaal hulle.

Wat word hulle betaal? -- Geld.

Hoeveel? -- Hulle het nie aan die vergadering daar gesê hoeveel hulle betaal word nie. Dit was lank terug.

So, julle het nooit geweet hoeveel dit was nie? -- Ons het nie geweet nie.

Nou kan maar 'n paar enkele sente wees? -- Ja, ons hoor(10) dit. Dit kan wees dat dit maar 'n paar sente is, maar hulle kry nogtans die paar sente en ons kry niks nie.

MNR. FICK : Is dit nie maar 'n geval van hulle is vergoed vir hulle tyd wat hulle daar gesit het, wat hy nie sy geld verdien het nie en sy onkoste om daar te kom nie? -- Ek weet nie.

Ek stel aan u dat hierdie sinsnede het julle spesifiek loop insit. Julle het voor julle siel geweet julle weet nie wat gaan presies aan nie. Julle het hierdie sinsnede loop insit om die mense op te stook deur die raadslede en vir geen(20) ander doel nie? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF : Is dit dan waar dat hulle "puppets" is van die boere wat die mense uit hulle huise sit? -- Dit is so, ja. Hulle sit mense uit die huise uit.

Is u seker dat dit hulle is wat hulle uitsit of is dit die lokasiesuperintendent wat dit doen? -- Omdat dit gesê was dat hulle vir die huise sal staan sê ek dit is hulle.

Hoe bedoel u vir die huise sal staan? -- Daarby bedoel ek dat hulle die beheer sal uitoefen oor die huise, want toe ons hulle genader het oor die mense wat uit die huise gesit(30)

word/...

word, het hulle aan ons gesê dat hulle dit sal opneem met mnr. Pienaar. Dit het gebeur in 'n vergadering van die gemeenskap. Dit was in die tyd van die gemeenskap waar die gemeenskap vrae gevra het van die raadslede, naamlik wat word nou gesê van die mense wat uit die huise gesit word? Waarheen moet hulle gaan?

Ek kan begryp as u vir my sê hulle het niks gedoen nie en hulle is puppets. Dit kan ek begryp, maar is die stelling korrek dat hulle die mene uit die huise gesit het? -- Die enigste antwoord wat ek op daardie vraag kan gee is die (10) volgende. Ek kan nie sê dit is die raad nie, die administrasie raad nie, maar wat ek vir die hof kan sê is dat die administrasieraad se beampies, dit is die inspekteurs, is die mense wat die persone uit die huise uitgesit het en die huise gesluit het. Aan die ander kant het ons hierdie gemeensapsraadsmense wat eintlik namens die gemeenskap daar moes gaan praat het en dit stop. Dit is in daardie sin dat dit gebruik word.

So, het ek dit dan duidelik, die mag wat die mense uit die huise gesit het, is die administrasieraad handelende (20) deur sy inspekteurs? -- Ja.

Maar dan het u te ver gegaan as u dit so gestel het dat Tsobo en Badi die mense uit hulle huise gesit het? -- Die optrede was nie net teen Tsobo en Badi gemik nie. Dit was gemik teen die hele gemeensapsraad as geheel. Die doel daarvan was dat hulle moet nou besef hoe sleg die mense voel, hoe seer dit is in die mense self as dit moet gebeur.

Maar dit staan nie in die pamphlet nie, want die pamphlet is net gemik teen Badi en Tsobo? -- Die rede daarvoor dat net hierdie twee hier genoem word is dat hulle die (30)

enigste/...

enigste twee is teen wie ons die boikotte kon uitgevoer het, want die res van die mense het niks gehad waarop ons kon opgetree het en gesê het as gevolg van wat jy is, doen ons dit met jou nie. Dit was gedoen nie met die doel dat ons hulle wou aangerand het of aangeval het nie, of enigets met hulle wou doen nie. Dit was alleenlik gedoen met die oog daarop dat hulle moet besef dat daar groot ontevredenheid is. Dit is hoekom hierdie besluit geneem is.

Kan u my sê, waarom is daar 'n onderskeid getref tussen huise en sinkhuise? -- Wat se onderskeid? Ek verstaan nie? (10)

Ek kyk nou maar net na die vertaling. Die derde sin sê "Send away the people from their houses and zinc houses." -- O, nou verstaan ek. Die posisie is so. Ons het drie vertrekhuise gehad daar. Dit is wat ons het. Sê nou 'n persoon het vyf-en-twintig kinders en die persoon besluit om die huis te vergroot. Om die huis te las gebruik die mense as muurstrukture vir die aanlas sinkplate. Met die gevolg daardie gedeelte staan bekend as sinkplaathuise. Dit is die onderskeid.

MNR. FICK : Ek wil net hierdie aspek met u klaar maak (20) terwyl ons by die pamphlet is. Was die boikot wat julle uitgeroep het toe 'n sukses? -- Ek was self nie daar nie.

Nee, maar wag, die boikot was nie net die 15de nie. Hy het mos aangegaan? -- Nee, dit het nie voortgegaan nie. Die Maandag het die mense teruggekom en weer met hulle huur-motors daar geopereer.

Was daar geen probleme vir hulle gewees toe hulle die Maandag weer ry nie? -- Daar was glad nie probleme nie.

HOF : Maar is die boikoet dan afgelas? -- Dit is nou wat ek gehoor het. Ek was nie daar op die 16de nie, maar ek (30)

hoor/...

hoor dat daar 'n vergadering gehou was van die inwoners. Ek is nie seker wie dit geroep het nie, maar ek dink dit was die gemeenskapsraad, waar hulle verduidelik het dat hulle lankal bedank het.

MNR. FICK : En was op hierdie vergadering dan besluit dat die boikot word afgelas? -- Ek weet nie. Ek was nie by die vergadering teenwoordig nie, want die Maandag het ek gesien mense ry daar met huurmotors. Ek het self huurmotor gery.

HOF VERDAAG TOT 18 APRIL 1988.

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

**Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand**

**Location:- Johannesburg**

**©2009**

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

**Document ID:- AK2117-I2-35-380**

**Document Title:- Vol 380 p 22000-220S7. Witnesses: Badi, Moleleki**